


VLNR: Andre j/v Rensburg (Addisioneel), Attie Hattingh (Addisioneel), Roelf Brewis (Ondervoorsitter), JJJ j/v Resnburg (Voorsitter), Theo Senekal (Addisioneel), Hettie Brewis (Penningmeester), Hester Miller (Addisioneel), Martie Smit (Sekretaresse), Buks Möller (Seniorburger Verteenwoordiger)


## Kontak Besonderhede van Bestuurslede:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter: | JJJ van Rensburg | 079 692 1817 | j3vr@vodamail.co.za |
| Ondervoorsitter: | Roelf Brewis (Jnr) | 082 689 6519 | rbrewis.rio@gmail.com |
| Sekretaresse: | Martie Smit | 082 411 6906 | mmesmit@telkomsa.net |
| Penningmeester: | Hettie Brewis | 082 442 2671 | rbrewis@telkomsa.net |
| Addisioneel: | Andre j/v Rensburg | 083 449 8281 | Andre.vanRensburg@up.ac.za |
| | Hester Miller | 072 947 9277 | |
| | Theo Senekal | 084 657 6369 | theos@execmail.co.za |
| | Attie Hattingh | 076 187 4325 | attie@execmail.co.za |
| Seniorburger Verteenwoordiger: | Buks Möller | 082 462 2100 | |
| Redakteur: | Roelf Brewis (Jnr) | 082 689 6519 | dieskadukol@gmail.com |
| Proeflesers: | Lizelle Brewis & Hettie Brewis | | |
| Facebook Redaksie: | Nelmarie Grobbelaar | 084 299 3703 | lengrob69@gmail.com |
| | Hettie van Rooyen | | vrooyet@telkom.co.za |

SAWA Webtuiste
www.sawa.org.za

SAWA Bosveld Webtuiste

Gaan Like Ons



Die Skadukol
"IN DIE SKADU"

# Inhoudsopgawe

Voorblad Foto : Internet
Bladsy 2 : Inhoudsopgawe
Bladsy 2 : SAWA Erekode
Bladsy 3 : Advertensies
Bladsy 4 : Die Redaksie sê
Bladsy 5 : Uit die pen van die Voorsitter
Bladsy 6 : Uit die pen van die Voorsitter (vervolg)
Bladsy 7 : Uit die pen van die Voorsitter (vervolg)
Bladsy 8 : Nabetraging: AJV 2013 - Klein Paradys
Bladsy 9 : Kampstatistiek: AJV 2013 - Klein Paradys
Bladsy 10 : Boskombuis: Tannie Lettie se gevulde aartappels
Bladsy 11 : Lag jou "Kol" af
Bladsy 11 : Wie Verjaar
Bladsy 12 : Pitkos
Bladsy 12 : Lief en Leed
Bladsy 13 : Volgende Kamp: Dube - 21ste Verjaarsdag Kamp
Bladsy 14 : Iets vir die Bosvarkies: Inkleur Prentjie
Bladsy 15: Kampprogram 2013 en 2014
Bladsy 15 : SAWA Bosveld Bankbesonderhede
Bladsy 16 : Bestuur Inligting

Julle kan S.A.W.A. Se Grondwet ook aflaai deur om hierdie QR kode te "scan"


## SAWA Erekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.
Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.
2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons assosiasie uit te brei.
3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.
4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.
5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.
6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.



# Kamp Program



Kamp Program vir 2013

| Datum | Oord | Tema |
|---|---|---|
| 27 - 29 September | Dube | 21 Verjaarsdagkamp |
| 8 - 10 November | Buffelspoort | Afsluiting |


Kamp Program vir 2014

| Datum | Oord | Tema |
|---|---|---|
| 24 - 26 Januarie | Buffelspoort | Asemskep |
| 27 - 28 Januarie | Buffelspoort | Seniorburger |
| 7 - 9 Februarie | | Oop NUB |
| 21 - 23 Februarie | Eagle Waters (Ou Oberon) | Hengel Naweek |
| 14 - 16 Maart | Onverwags | Sosatie-maak Kompetisie |
| 17 - 21 April | Klipdraai | Presidente |
| 18 - 18 Mei | | NUB |
| 30 Mei - 1 Junie | Buffelspoort | Sitrusfees |
| 27 - 29 Junie | Arendsnes | Veldskool Naweek |
| 13 - 17 Julie | Manyane | Seniorburger |
| 18 - 20 Julie | Manyane | Wildkyk naweek |
| 8 - 10 Augustus | | NUB |
| 22 - 24 Augustus | Klein Paradys | AJV |
| 5 - 7 September | Bosveld Oase | Bestuurskamp |
| 19 - 21 September | | Nasionale Saamtrek |
| 17 - 19 Oktober | Buffelspoort | Kongres |
| 24 - 26 Oktober | Dube | Potjiekos Kompetisie |
| 27 - 28 Oktober | Dube | Seniorburger |
| 21 - 23 November | Eastco | Afsluiting |

SAWA Bosveld Bank Besonderhede:

Standard Bank Montana
Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld
Rekening Nommer: 20-03-93-32-4
Tak Kode: 01-5945-00
Tipe Rekening: Tjek

Fax Nommer: (012) 252 7934



# Bos Kombuis

## Tannie Lettie se gevulde aartappels

**Bestandele:**



Lekker groot aartappels.
Spekrepies
Kaas
"Spray & Cook"
Foelie

**Metode:**

1 - Hol die aartappels uit.
2 - Vul met kaas (Fyn spek en uie kan gebraai word en ook ingemeng word saam met die kaas)
3 - Spuit die foelie met "Spray & Cook"
4 - Voorverhit die oond na 180°C (Indien kole eerder gebruik gaan word, ignoreer hierdie stap)
5 - Draai die aartappels toe met die spekrepies.
6 - Sit die aartappels in die foelie en maak toe.
7 - In die geval dat die aartappels in kole gesit word, draai dit toe met 'n dubbele laag foelie. - Dit hou die as weg van die ander kos af en keer dat die aartappel erg brand...
8 - Bak vir 'n uur in die oond - in kole behoort die tyd aansienlik korter te wees...
9 - Sodra die aartappels sag is, sit voor en geniet...

**Waarskuwing:**

'n Warm aartappel kan 'n mens se verhemelte lelik brand...
Vra maar vir Lizelle...

Baie dankie aan tannie Lettie dat sy hierdie heerlike resep met ons gedeel het...
Nou wag ons nog net vir daardie geheime atjar resep...



Dit is baie jammer om lede te verloor, maar gelukkig is daar nuwe lede wat by ons aangesluit het.
Julle is baie welkom by ons en ons hoop dat julle dit saam met ons geniet.
Tans is ons ledetal dieselfde as verlede jaar.
Soos die lede ontleding egter aandui, moet ons ernstig na ledewerwing kyk.

Ek wil net vir ons Liewe Heer dankie sê dat Hy ons deur die jaar so geweldig geseën en gespaar het.
Dat Hy ons die krag gegee het om vir die organisasie waarvoor ons so lief is te kon werk.
Dit is wonderlik om sulke goeie gesondheid, geestelike rykdom en genade te kon ervaar en ek vertrou dat elke Bosvelder dieselfde ervarings vorentoe sal hê.

Laastens, wil ek elke Bosvelder bedank wat sy hand uitgesteek om te help, en in die besonder die wat my tereggewys het en reggehelp het, sonder julle staatmakers is Bosveld niks.

Ek Dank u

JJJ van Rensburg.





# Nabetraging...


Klein Paradys Caravan Park

AJV 2013

Vrydag-oggend vroeg het van ons die waens al uitgesleep, maar weereens was Oom Buks en Tannie Lettie ons een voor.
Ek het belowe ons almal staan onder die skadunette...
Wat 'n onverwagte verrassing toe ek daar opdaag en al die skadunette is weg...
Maar nietemin het die bome genoeg koelte gegee en dit was regtig 'n naweek onder "die skadu".
Vrydag-aand het JJJ ook net betyds boekevat gemaak om die einde van Oom Buks se boekevat te hoor en het hy almal verwelkom.
Maar wat 'n fiasko...
Ons praat die heeltyd van boekevat om sewe uur oor die foon, nooi ander streke om saam met ons boekevat te hou, maar kyk nooit na die program wat ons opgestel het, dat die boekevat alreeds ses-uur begin nie...
Saterdag stiptelik nege-uur het die AJV begin in ons eie "Bosveld-Lapa".
Alles het seepglad verloop met minimale veranderinge in die voorgestelde jaarprogram. Die jaarprogram kan gevind word op Bladsy 15.
Bosveld se bestuur bly amper onveranderd, behalwe vir Attie Hattingh wat Danie van der Nest se plek oorgeneem het.
Ek wil aan Danie sê "Baie Dankie" vir al die hulp deur die jaar en dan wil ek ook vir Attie welkom heet in Bosveld bestuur.
Ons nuwe plaatjies is ook uitgestal.
Van hierdie plaatjies tree onmiddelik in plek, waar ander later in gebruik geneem sal word.
Saterdag-aand het ons lekker saam gebraai en lekker saam gekuier.
Sondag oggend het ons gesamentlik erediens gehad in die klein saal, waar JJJ vir ons 'n kort maar treffende boodskap gelewer het.
Ek wil aan elkeen wat 'n hand in die sukses van hierdie naweek 'n groot woord van dank sê.
Sonder julle sou hierdie naweek nie so seepglad verloop het nie.
Bosveldgroete, Roelf.



# Kamp Statistiek: Klein Paradys (AJV)



SAWA Bosveld Lede Teenwoordig (Kamp Statistiek)

| Lid Nommer | Lid Naam | Alg. Kamp # | Eie Kamp # |
|---|---|---|---|
| 10064 | JRP Brewis (snr) | 130 | 115 |
| 12098 | JRP Brewis (jnr) | 25 | 20 |
| 12223 | RJ Hattingh | 26 | 21 |
| 10321 | A j/v Rensburg | 84 | 71 |
| | J j/v Rensburg | 1 | 1 |
| 7499 | JJ j/v Rensburg | 130 | 111 |
| 12150 | JPJ Miller | 86 | 76 |
| 11336 | HF Möller | 73 | 67 |
| 11265 | TJC Senekal | 50 | 44 |
| 10908 | BF Smit | 48 | 44 |
| 10767 | M Smit | 108 | 95 |
| 11493 | D v/d Nest | 23 | 19 |
| 10480 | T van Rooyen | 74 | 56 |

| Gaste: | Saam met / Van: |
|---|---|
| J. Pretorius | Streek Pretoria |

Boekevat Vrydag-aand: HF Möller
Boekevat Saterdag-aand: JJ j/v Rensburg
Erediens Sondag-oggend: JJ j/v Rensburg




JJ j/v Rensburg
JRP Brewis (jnr)

Notas:
Baie geluk aan die volgende lede:

**100% Kampbywoning:**

Roelf & Hettie Brewis
Roelf & Lizelle Brewis
Oom Buks en Tannie Lettie Möller
Martie Smit

**75% Kampbywoning:**

Attie & Isabelle Hattingh
Theo & Babs Senekal

# Pitkos: Die Donkie

'n Boer se ou donkie het eendag in die put ingeval.
Die ou dier het ure lank gebalk terwyl die boer probeer het om 'n plan te maak.
Uiteindelik besluit hy toe dat die ou dier reeds te oud is, en die put het in elk geval nie meer water in nie en moet dus maar toegegooi word.
Toe nooi hy al sy bure om hom te kom help om die put op te vul. Elkeen het 'n graaf gebring en begin om grond in te gooi.
Die ou dier besef wat aangaan en protesteer luidkeels. Maar, tot almal se verrassing, word dit skielik stil. 'n Rukkie later loer die boer oor die kant van die put en sien wat gebeur.
Die donkie skud elke graafvol grond wat op sy rug val, af en trap dit vas.
Terwyl die span manne die grond ingooi om die put op te vul, skud hy die grond af en klim elke keer 'n tree hoër.
Uiteindelik tree die donkie oor die kant van die put en draf weg!

As die lewe jou probeer onderkry deur alles wat op jou val, moenie moedeloos word nie.
Skud dit af en gebruik dit vir 'n trappie boontoe. Moet net nie opgee nie. Skud dit af en trap daarop!

Liefdevolle God, ons is so dankbaar om te weet U is elke dag en in elke situasie,
saam met ons. Amen

Bron: e-pos

# Lief & Leed

Lief:
Baie geluk aan almal wat huweliks-herdenkinge en verjaarsdae vier.

Leed:
Mannetjies Hough se Pa is oorlede.
Johnathan Theron het weer 'n beroerte gehad.



# Uit die van die Voorsitter...

Hi Bosvelders

Dit is vir my 'n voorreg en eer om aan u verslag te doen oor streek Bosveld se doen en late.
Die afgelope jaar, vanaf die vorige JAV, het soos blits verby gevlieg.
Streek Bosveld en sy lede was die afgelope jaar baie geseënd gewees en dit sal duidelik uit hierdie verslag tevore kom, die finansiële state getuig ook hiervan.
Eerstens wil ek die huidige bestuur bedank vir die jaar se harde werk, dit was lekker om te weet dat op julle samewerking staat gemaak kon word.

Gedurende die jaar was daar verskeie hoogtepunte, sowel laagtepunte.

Kom ons begin by die hoogte punte.
Eerstens julle as Bosvelders se gesindheid teenoor mekaar is seker die hoogste hoogte punt.
Almal kom met almal oor die weg. Ek dank julle daarvoor, ek moes geen warm "vure" blus nie.
Kom ons soek die beste in almal en verdra die slegte.
Dat mense mekaar kan vergewe, by hulle verskille verby kyk en kan saamwerk, asof niks gebeur het nie, is wonderlik, eintlik, slegs genade van Bo.
Ander lekker dinge wat plaas gevind het was maar elke saamtrek.
Bosveld se 20ste verjaarsdag by Maroela. Die bietjie gaan "delf" in Bosveld se geskiedenis. Die lekker verjaarsdag viering saamgegooi met die afsluiting.
Hartenbos. Die kongres in die Kaap. Baie Bosvelders was spyt dat hulle dit nie kon bywoon nie.
Bosveld Oase,'n nuwe oord.
Pragtig maar met streng reels. Gelukkig het die versag - ek bedoel die reëls, nie die oord nie. Ten spyte van die reën het almal die naweek geniet.
Klipdraai, die Presidente saamtrek. Die "jantjie" verkope, groot maar lekker spanwerk.
Weereens het ons uitgevind hoekom hulle dit Klipdraai noem, vir die van julle wat nie daar was nie, 'n tentpen buig daar baie vinnig.
Dube, altyd 'n treffer.
Die grootste enkele rooster wat nog tydens 'n saambraai gebruik was. ....Vervolg op Bladsy 6

## *Uit die / van die Voorsitter...* ... Vervolg

Die aand se lekker kuier, grappies vertel, saamkuier getuig van 'n hoogte punt.
Manyane, harde grond en min gras maar altyd gewild, die saamtrekke getalle getuig daarvan.
Die "brunch", die opkoms by alle boekevat geleenthede.
Die lekker kuier en baie rond ry om wild te soek.
Hierdie is maar net 'n paar van die hoogtepunte.

Ek wil ook elke lid van Bosveld bedank wat as Boskaptein opgetree het.
Elke saamtrek tot dusver het glad verloop. Dit wys net dat indien u bereid is om dinge te doen, daar altyd iemand sal wees om dit saam te doen en te geniet.

Finansiël het dit hierdie jaar baie goed met Bosveld gegaan ten spyte van die 20ste verjaardag vieringe asook die koste van die Kongres staan ons finansies nog sterk.
Ek dink elke Bosvelder verdien 'n klop op sy skouer.
Baie dankie aan elke lid wat 'n bydrae gemaak het om ons finansies op te bou, of dit 'n geldelike bydrae was, of 'n werk wat gedoen is, al is dit hoe gering, ek kan u nie genoeg daarvoor bedank nie.

Dit is aangenaam om te berig dat gedurende die jaar alle statutêre pligte nagekom is.
Die bestuursvergaderings is gereeld gehou. Die finansies is stiptelik boekgehou en die goedgekeurde state is vandag beskikbaar ter insae.
Dankie Hettie vir jou groot aandeel om te verseker dat die boekhouding reg gehou was.
Die voorkoms van ons logo het ook verander. Ons het 'n tweede nuwe banier asook nuwe hemde.
Dit skakel mooi in met ons ou drag en banier. 'n Groot dank aan Roelf Jnr vir sy werk hieraan.
Dit wil ook voorkom of daar 'n geringe daling in ons saamtrek bywoning is in vergelyking met verlede jaar.
Ek weet die finansies druk, brandstof prys is hoog, tolgelde eet ons geld en die paaie is sleg.
Kom ons woon egter die saamtrekke by - dit is tog waarom ons by SAWA aangesluit het.
Daar was 'n verlies aan lede wat uit streek Bosveld en sommige uit SAWA bedank het.





## Log — Jou "Kol" Af

Die jong dominee is bietjie senuagtig voor sy eerste nagmaal preek, en hy besluit toe om 'n bietjie in die nagmaalwyn in te klim vir "courage en wisdom".
Die gemeente hang aan sy lippe.
Niemand slaap die keer in die kerk nie!
Na die tyd vra hy die ou dominee hoe hy gevaar het.
Die ou dominee vryf sy ken nadenkend voordat hy antwoord:
"Wel, jy het defnitief potensiaal. Jou preek het die gemeente baie aangegryp"
"Dankie dominee" sê die jong dominee met 'n glimlag.
"Jy het egter 'n paar foute gemaak," sê die ou dominee.
"Een, dit was die ark, nie die Titanic nie!."
"Twee, Abraham het 'n bok gaargemaak. Hulle sê niks van 'n party nie."
"Drie, Esau het vir sy pa wildsvleis sop gegee en hom geflous met 'n bokvel oor die arm. Daar staan niks van camo baadjies, guns en 4X4 bakkies in die Bybel nie."
"Vier, Kain het vir Abel doodgeslaan! Hy het hom nie half m**rtoe geskop en met 'n karate kap sy nek gebreek nie"
"En laastens.... As jy nagmaalwyn klaar gedrink het, kap jy nie weer die glasie drie keer op die tafel nie..."

| AUGUSTUS | SEPTEMBER | OKTOBER |
|---|---|---|
| 1 Daleen Casteleijn | 3 Anna j/v Rensburg | 3 Streek Bosveld |
| 3 Katinka Bezuidenhout | 4 Paul v Rooyen | 4 Juan-dre Hough |
| 5 Attie Hattingh | 6 Ulicia j/v Rensburg | 6 Lizelle Brewis |
| 9 Elmarie Hough | 6 Lettie Möller | 10 Zandre v/d Nest |
| 10 Johan v Heerden | 7 Jan Miller | 10 Zanelle v/d Nest |
| 20 Christelle Fourie | 10 Pine Pienaar | 22 Danie v/d Nest |
| 21 Dries Schlebusch | 21 Nelmarie Senekal | 22 Mannetjie Hough |
| 22 Freda Blomerus | 28 Marianna Barnard | 23 Neels Roodt |
| 25 Phillip v Wielligh | | 27 Daan Blomerus |
| 29 Charlmari j/v Rensburg | | 27 Bernice Gouws |
| | | 28 Hester Miller |
| | | 28 Jaap du Plooij |
| | | 29 Martie Smit |
| | | 29 Roelf Brewis (snr) |




Indien een van julle se name nie op die lys is nie, laat weet ons asseblief sodat ons die lys op datum kan bring...




Iets vir die **Bosvarkies**

Kleur hierdie wonderlike bedreigde spesie in om te wys hoe baie julle omgee.

Wat is dit???

R _ _ _ S _ E _






RIO GRAFSTEENWERKE MEMORIAL WORKS

"DIREK VANAF DIE FABRIEK AAN DIE PUBLIEK"

082 703 9564 (Roelf) 082 892 5972 (Hannes)

012 252 3623 (Fabriek)

086 542 4431

rbrewis.rio@gmail.com / riograf@telkomsa.net

Vir ons volledige reeks grafstene, gaan loer gerus op:

www.rbrewisrio.wix.com/riobrits

Adverteer in Die Skadukol

Kontak: Roelf

sawa.bosveld@gmail.com

CAMPWORLD Brits Caravans & CAMPWORLD

Location: Brits, North West

Authorised

JURGENS TRAILERS SAFARI TRAILERS JURGENS CUSTOM Gypsey Sprite Sprite

ONS

- IS JULLE WOONWA HANDELAAR IN BRITS
- HANDEL IN JURGENS, GYPSEY EN SPRITE WOONWAENS
- KAN JULLE VOORSIEN VAN BAGASIE EN "OFFROAD" SLEEPWAENS
- IS JULLE "CAMPWORLD" HANDELAAR MET GROOT VOORRAAD TOEBEHORE
- HET 'N VOORRAAD OPGESLAANDE TENTE OM TE KIES EN KEUR
- WERKSWINKEL HET 'N VYF STER TOEKENNING ONTVANG
- IS 'N ASSURANSIE GOEDGEKEURDE HANDELAAR
- DIENS, DOEN HERSTELWERK, ASOOK OMBOUINGS AAN JULLE WAENS

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY ONS

(012) 252 4882 www.britscaravans.co.za



# Die Redaksie Sê

Hi Bosvelders.

So is die AJV ook agter die rug.
Ek wil eerstens baie geluk aan die volgende mense sê.
Rina du Toit, Attie en Isabelle Hattingh, JJJ en Sansie janse van Rensburg, Jan en Hester Miller, Theo en Babs Senekal, Boetie en Charmaine Smit, Danie en Karin van der Nest, Johan en Cora van Heerden, Talbot en Hettie van Rooyen, William en Martie Gillespie.
Hulle het Streek Merietes ontvang,
Roelf en Lizelle Brewis vir Streek Ere Meriete.
André en Anna janse van Rensburg, oom Buks en tannie Lettie Möller, oom Neels en tannie Leonie Roodt en Martie Smit vir Streek Ere Hoër Graad.
Aan: Roelf en Lizelle Brewis, Rina du Toit, André en Anna janse van Rensburg, Jan en Hester Miller, oom Buks en tannie Lettie Möller, oom Neels en tannie Leonie Roodt,Theo en Babs Senekal en Martie Smit vir Gebied Merietes,
Roelf en Hettie Brewis vir Gebied Ere Meriete, en dan aan JJJ en Sansie janse van Rensburg vir Gebied Ere Hoër Graad...

Nou dat dit agter die rug is...
Ons 21 ste Verjaarsdag-kamp.
'n Baie-Baie groot geleentheid wat onder geen omstandighede misgeloop moet word nie... Meer hieroor op bladsy 13

Ons versoek ook asseblief dat julle so bietjie moet dink aan al die snaakse dinge wat gebeur het op kampe. SAWA is besig om 'n boek op te stel oor al hierdie stories, met die naam van SAWA in ligte Ruim...
Stuur daardie stories in sodat ons dit kan instuur... Want weet... In Bosveld wás daar al stories wat beslis in daardie boek moet kom...

En dan wil ek Baie Dankie sê aan Nelmarie Grobbelaar en Hettie van Rooyen.
Hulle het ingestem om die toue oor te vat by die Facebook afdeling.
Mense besef nie altyd hoe baie werk daarin ingaan nie, dit word opreg waardeer.
Tot volgende keer onder die skadu.
Bosveldgroete

Roelf & Lizelle



# Volgende Kamp



DUBE
Private Game Reserve

Ons volgende kamp is die grote!!!
SAWA Bosveld word 21!!!

Ons vier dit die naweek van die 27 tot 29 September 2013 by Dube.
Die koste van die naweek beloop R 530.00 vir die naweek.
Ons het slegs 40 staanplekke vasgemaak, en ons moet die oord 'n finale bedrag kan gee teen die 6 de September.
Laat weet ons asseblief voor dan of julle die kamp sal kan bywoon, want as ons die finale getalle deurgegee het, kan ons nie weer staanplekke kry nie, en dan sal julle maar self die oord moet kontak om saam te kom kamp.
Julle verbeur ook dan julle SAWA afslag...
Ons gaan 'n lekker sosatie-spit hou... Pure bosveld styl, met blikbord, blikbeker en al.
Dit is regtig belangrik dat julle ons laat weet wie die kamp gaan bywoon sodat ons die kos kan aankoop.
Laat weet ook asseblief hoeveel in elke wa, oftewel elke staanplek gaan staan sodat ons die getalle kan kry.
Ons vra weereens dat julle die betaling direk in S.A.W.A. Bosveld se rekening moet inbetaal.

En dan.
Aangesien die S.A.W.A. Bosveld se 21 ste Verjaarsdag is, en daar gewoonlik geskenke betrokke is, vra ons dat daar 'n geskenkie in die vorm van kontant aan Bosveld gegee word. Maak nie saak hoe gering nie (Begin by R21.00... Onthou ons is 21 jaar oud)
Daar sal ook baie unieke items wees wat ons gaan uitveil.
Moet nie hierdie kamp misloop nie, hierdie kamp kom net eenkeer in 'n leeftyd.
Bosveld se bankbesonderhede kan gevind word op Bladsy 15